
## 222 Jesus sal sy gesag verbrei




Sy naam word eindeloos geloof,
en lofsang kroon sy liewe hoof;
soos wierook rys sy soete Naam
met elke môre-offer saam.

Uit elke land, in elke taal
word God se liefde nou verhaal
en kinderstemme, lief en bly,
sal Hom reeds vroeg hul loflied wy.

Waar Hy regeer, daal seën neer,
geboeides vind daar vryheid weer;
vermoeides smaak daar soete rus,
en alle leed word daar gesus.

Dan sal die wêreld vrolik sing,
alom die Koning hulde bring;
in antwoord op die engelkoor
word Amen hier op aard' gehoor.

Isaac Watts (1674-1748) C. Burney (1726-1814)